To showcase your brand, product or service, CLICK HERE!
Chat on WhatsApp

# Plantvoeding




## Kitskos of Gesondheidskos?

Als is "KITS EN KUNSMATIG" soos ons nou aanjaag, en die plaasbestuur se benadering is "TYD IS GELD", maar moet dit so wees? Is "REG BESTUUR" en daardeur 'n winsgewende boerdery, nie gesonder vir besigheid sukses eerder as kitsoplossings nie?

Die boerdery is 'n langtermyn besigheid. Om grond te koop is duur, asook die vestiging van boom- en struikgewasse (soos vrugte, bessies en neute). Die infrastruktuur en nuwe aanplantings moet betaal word, so dit moet jare lank goeie oeste lewer om goeie winste te kan verseker.

### KUNSMIS VIR NOU of GROND OPBOU

Ons kitslewe het gelei tot vinnige en onnodige hoë gebruik van duur kunsmis en gifstowwe, met langtermyn gevolge soos grondsiektes, insekskade, swamsiektes, verlies van vrugbare grond en gevolglike lae potensiaal opbrengs en swak kwalitiet. Dit is dus belangrik om te streef na volhoubare boerderypraktyke, om te werk in vennootskap met die natuurlike ekosisteem *(luister wat Dr Kris Nichols vir ons leer per video - sien meegaande skakel regs)* en om die keuse van die regte plantvoedingstof vir jou grond en die gewas te maak.

Klik hier om die video te kyk

***Baie belangrike punte:***

1. Grond- en blaarontledings is akkuraat en goedkoop vir beplanning van jou bemestingsprogram en geld word gespaar deur onnodige kunsmis gebruik te vermy. Die grondchemie en voedingstatus is baie belangrik vir goeie oesopbrengste.
2. Die begroting kan dan fyn bestuur word om die gepaste N: P: K: en mikro-nutriënte te voorsien. Indien die kunsmis nie al die voeding bevat vir gesonde produksie nie, moet blaarvoeding of groeistimulante ten duurste aangevul word. Als wat benodig word kom natuurlik voor in die Talborne organiese bemestingstowwe.
3. Vinnige Stikstof (N) kunsmis soos KAN en Ureum kan lei tot uitloging en verlies van tot 50% van die bemesting deur water toediening of swaar reën. Te veel Stikstof veroorsaak vinnige, sagte blaargroei op groente en bome, arm blom- en vrugset as gevolg van hierdie wanbalans en sagte selvorming, en selfs brand op blare en wortels. Die Talborne reeks is geformuleer uit vaste protein Stikstofkomponente wat geleidelik vrystel vir effektiewe plant opname.
4. Kragtige, gesonde oeste het kos nodig, so vermy die stories dat kompos of aangekoopte mikrobes genoeg "woema" het sonder dat die gewas bemesting hoef te kry. Min van die produksiegrond in SA is vrugbaar genoeg om sonder aanvullings goeie opbrengste te lewer.
5. Chemiese kunsmis word verbind aan soute en vullers om mooi korrels te maak vir maklike toediening en daarom maak die voeding waarvoor jy betaal net 'n klien gedeelte, (omtrent 20 tot 32%) van die sak se inhoud uit. Die vlakke bou op en beskadig die grondlewe en grondstruktuur en daardeur die vrugbaarheid en waterhouvermoë van die produksiegrond. Talborne organiese produkte-reeks bevorder gesonde grondlewe sonder negatiewe effekte.
6. Goedkoop kan duurkoop wees as die kunsmis nie die beloofde voedingstowwe bevat nie. Doen eers navorsing voordat jy "slim praatjies en scams" glo en jou geld mors op nuwe foefies wat op die mark of "Facebook" verskyn. Dit is maklik en goedkoper om 'n monster by 'n laboratorium te ontleed voordat jy jou geld uitgee, of om 'n proeflopie op 'n kleiner gedeelte op jou plaas te doen om enige verliese te beperk.

Vir meer inligting om te leer hoe om te boer vir gesonde grond, besoek: www.talborne.co.za
**Verkope & Diens:** sales@talborne.co.za
**Navrae:** info@talborne.co.za
**Talborne Hoofkantoor:** (013) 933 3172 of,
**Skakel of Whatsapp:** 079 896 5814
**Volg ons op:** Facebook • Instagram • Linkedin